

Christus het bekering 'n lewenswyse in die liefde van God gemaak.

ds. PJ Kriel

Hervormingsondag

30.10.2106

Inhoud Hierdie preek wys hoe Martin Luther in sy 95 stellings bekering losgemaak het van die godsbedryf van die Rooms Katolieke Kerk deur bekering uit die biegepraktik te verwyder en weer deel van die lewe met God te maak. Daardeur is bekering weer deel van 'n lewe in die liefde van God. Bekering is deel van gelowiges se kruisdra. Omdat Christus die kruis van sonde en die straf op sonde dra, is die moeilike eis tot bekering nou weer deel van vreugdevolle gehoorsaamheid. Dit is nie meer 'n manier om vergifnis te verkry nie. Martin Luther het bekering losgemaak van die magspreuke waardeur priesters God se vergifnis self bedryf het en so God self aan die gang gehou het op aarde. Dit wys ook hoe die moderne Christelikheid skynheilig Hervorming vier as hul fees, terwyl hulle 'n totale godsbedryf opgerig het waardeur hulle alles wat God is en doen op aarde aan die gang hou.

Skriflesing Matteus 4: 12 – 17; 16: 21- 23.

Teks Mat. 4: 17: “Van toe af het Jesus begin preek en gesê: “Bekeer julle, want die koninkryk van God het naby gekom.”

Tema: Christus het bekering 'n lewenswyse in die liefde van God gemaak.

1. Ons vier vanoggend saam met die hele Protestantse Kerk wêreldwyd Hervormingsondag.

Ons herdenk die optrede van Martin Luther wat op 31 Oktober 1517 'n kennisgewing op die kerkdeur van die kerk in Wittenberg opgesit het. Net soos ons in die kerksaal 'n kennisgewingbord het, het hulle in daardie tyd ook vir die kerk 'n kennisgewingbord gehad vir belangrike aankondigings. Dit was die kerkdeur. Daarom mag ons sy kennisgewing nie as vandalisme van kerkeiendom sien nie. Dit was 'n amptelike kennisgewing op die kerk se amptelike kennisgewingbord – die kerkdeur.

Luther se kennisgewing was 'n uitnodiging tot 'n oop gesprek. Hy was hewig ontsteld oor die verkoop van aflaatbriewe waardeur mense die straf van sonde met geld kon loskoop. Hy het 95 stellings gemaak oor hoe verkeerd die boetedoening van die Rooms Katolieke Kerk was en wat die regte bekering is volgens die Skrif. Hiermee wou hy dat die gemeente en gemeenskap saam met hom oor hierdie saak praat en saam mening vorm.

2. Volgens Luther moes die kerk dit wat hy besig was om verkeerd te doen regmaak soos wat die Woord van God wys wat reg is.

Wat was verkeerd en hoe moes dit regkom?

Christus het bekering 'n lewenswyse in die liefde van God gemaak.

Die eerste stelling in sy kennisgewing het alles in een sin opgesom: “Omdat ons Here en Meester Jesus Christus sê: “Bekeer julle (Matt. 4:17) wou Hy gehad het dat die hele lewe van 'n gelowige bekering moes wees.”

Met hierdie sin het alles wat ons vandag as gelowiges in hierdie gemeente oor die van die Here glo en wat ons in die erediens hier saam tot eer van God doen, begin: “Omdat ons Here en Meester Jesus Christus sê: “Bekeer julle (Matt. 4:17) wou Hy gehad het dat die hele lewe van 'n gelowige bekering moes wees.”

3. Wat was die probleem in die kerk wat in hierdie sin aangespreek word en wat met hierdie sin reggestel is?

Die kern van die saak wat in hierdie sin aangespreek word klink só: “Hou die kerk God aan die gang of leef gelowiges met God?”

Dit was die kern van die probleem! Is dit die kerk wat met kerklike bedrywighede God as God aan die gang hou om God te wees, of is God self God wat ons met Hom as God laat leef?

Daarom was die tweede stelling van die 95 stellings wat direk hierdie probleem uitgewys het:

“Die woord “bekerings” soos wat die Here dit in Matteus 4 vers 17 gebruik beteken heeltemal iets anders as die boetedoeningsbedryf waarmee die priesters in die kerk besig was.”

4. Die Rooms Katolieke Kerk het van bekering iets heeltemal anders gemaak as wat die Here bekering binne die lewe van gelowiges laat wees.

Wat het die Rooms Katolieke Kerk bekering gemaak? Presies dit wat bekering vandag nog steeds binne die RKK is.

- Jy moet 'n privaatgesprek met 'n priester van die RKK gaan voer. hierdie privaatgesprek met die priester word benoem en daarvoor is daar vandag nog 'n spesiale plek in die RKK se katedrale die bieghokkie.
- In hierdie privaatgesprek met die priester moet jy al jou sondes, die wat jy openlik gedoen het maar ook die wat jy net in gedagte, gevoel en begeerte gedoen het aan die priester vertel. hierdie vertel van al jou sondes aan die priester in so privaatgesprek noem hulle dan bieghokkie.
- Na jy hierdie sondes gebieghet het aan die priester, moet jy vir die priester as kerklike amptenaar bewys dat jy berou het oor wat jy gedoen het. Jy moet wys dat jy jammer is vir die RKK.
- Die wyse waarop jy aan die priester en kerk bewys dat jy jammer is, is om al die goeie dade wat hy kerklik aan jou voorskryf te gaan doen. Dit is dinge

Christus het bekering 'n lewenswyse in die liefde van God gemaak.

soos welsynswerk, gebede en goeie gebare aan jou medemens. Hierdie dade wat bewys jy is jammer word deur die RKK genoegdoening genoem.

- Wanneer jy onderneem om hierdie goeie dinge te gaan doen om te wys jy is jammer, dan spreek hierdie priester hierdie magspreuk uit: “Jou sondes is vergewe.” Dit is 'n kerklike magspreuk. Want wanneer hierdie magsspreuk gesê word en deur hierdie magswoord wat deur die priester gesê word, gee god self jou vergifnis van jou sonde.
- God werk deur die magsspreuke van die kerk se amptenare! Deur hulle woorde vergeef god wanneer hulle hierdie woorde gebruik.

hierdie kerklike bedryf van God se vergifnis het die RKK boetedoening genoem.

Daarom was die Latynse woord vir die Griekse woord in Matteus 4 vers 17:

“μετανοειτε”, (mêtanoytê), “doen boete”. Hulle het die Grieks dus so in die Latynse Bybel, die Vulgata, vertaal: “Julle moet boete doen.”

Tot en met Luther was hierdie Vulgata die enigste Bybelvertaling. Almal het dus in die Bybel gelees dat volgens Matteus 4 vers 17 moet jy boetedoening doen by die priester. Met hierdie vertaling was die bedoeling van die vertaling dat jy moet na 'n priester/ dominee, pastoor/ geestelike van die kerk toe gaan; jy met jou openbare en heimlike sondes aan hom vertel in 'n privaatgesprek en dan sal hulle die magspreuk oor jou uitspreek waardeur god jou sy vergifnis sal gee.

5. Só! As vergifnis op hierdie wyse soos hulle dit bedryf, werk, waarmee is die priesters van die RKK elke dag besig?

Hulle is besig om God aan die gang te hou. Hulle is besig om God se vergifnis hier op die aarde aan die gang te hou!

Orals waar hulle hierdie magswoorde op hierdie wyse in biegsessies só gebruik, is God se vergifnis aan die gang binne in die wêreld. Hulle is besig met 'n godsbedryf. Hulle bedryf God se vergifnis namens God op aard en God bedryf sy vergifnis deur hulle op aarde. Hulle is besig om God se vergifnis op aarde aan die gang te hou vir God.

6. Kan u nou sien hoe Luther in sy eerste stelling wys dat Matteus 4 vers 17 glad nie kan beteken dat God vergeef deur kerklike amptenare wat namens Hom optree nie.

Hierdie stelling beteken dat jy nie met bekering besig is wanneer jy na kerklike amptenare toe gaan, vir hulle jou heimlike sondes vertel in privaatgesprek, bewys dat jy jammer is deur goeie dade te gaan doen en dan deur hulle met magswoorde God se vergifnis ontvang nie.

Christus het bekering 'n lewenswyse in die liefde van God gemaak.

Luther stel teenoor hierdie biegepraktik, vergifnis as 'n godsbedryf van die kerk, dat Christus maak bekering deel van 'n gelowige se hele lewe sodat elke gelowige in sy eie lewe self besig is met bekering.

Christus se oproep tot bekering is nie 'n oproep om na priesters, predikante, pastore en geestelikes toe te gaan met jou sondes nie! Christus maak bekering deel van jou eie lewe met God!

7. Daarom is bekering nie iets wat die kerk aan die gang hou nie. Bekering is nie 'n kerklike bedryf nie.

Luther verbind bekering aan die lidmaat as gelowige, aan hulle wat in die Here Jesus glo. Daarom is hierdie bekering volgens Luther deel van die lewenswyse van gelowiges. Bekering is hoe jy saam met die Here as gelowige leef, elke dag die hele dag.

Die betekenis en inhoud van hierdie bekering het Luther in sy eie kommentaar op die 95 stellings verduidelik deur te wys dat hierdie bekering van gelowiges is deel van hulle "kruisdra". Hierdeur wys hy dat bekering is die wyse waarop jy elke dag, die hele dag jou hele lewe lank die Here volg. Hy verduidelik dit in sy eie kommentaar soos volg:

"Want wanneer die hele lewe bekering en die kruis van Christus is, nie net deur vrywillige kastyding nie, maar ook deur die aanvegtinge van die Duiwel, die wêreld en die vlees (sondige geaardheid), ja, ook deur vervolgings en lyding, soos dit uit dit wat voorafgaande gesê is, uit die hele Skrif, uit die voorbeelde van die Allerheiligste self en al die martelare duidelik na vore kom, dan is dit verseker so dat hierdie kruis aanhou tot die dood en die ingaan in die hemelryk."

Bekering soos die Here dit bedoel is kruisdra jou hele lewe lank. Dit is nie 'n kerklike bedryf waar jy dit party keer gaan doen soos wat die kerk dit aan die gang hou nie.

8. Wat is hierdie lewe saam met die Here wat die Here self "kruisdra" noem?

Dit is wat die Here aan sy dissipels openbaar in Matteus 16 verse 21 tot 26. hierdie lewe saam met Christus gaan oor twee kruise. Dit gaan oor sy lewe waar Hy sy kruis dra en my lewe waar ek my kruis dra. Dit is twee verskillende kruise wat gedra word. Christus se kruis is 'n ander kruis as die kruis wat sy volgelinge dra.

Watter kruis dra Christus?

Hy dra die kruis van ons sonde wat Hy met ons deel en die straf op ons sonde deur doodgemaak te word vir ons sonde. Hierdie kruis is altyd net Christus se kruis. Hy dra die oordeel en straf van ons sonde met sy kruis. Hierdie kruis kan nooit weer ons

Christus het bekering 'n lewenswyse in die liefde van God gemaak.

kruis word nie. Ons kan nooit weer die oordeel en straf van ons sonde voor God dra nie.

Watter kruis dra ons dan?

Die kruis wat ons dra is bekering as 'n lewenswyse saam met Christus!

Ons dra die kruis om berou oor ons sonde te hê wat Hy vir ons die straf en oordeel voor gedra het. Ons dra die kruis om binne sy liefde met 'n nuwe vreugde weer gehoorsaam te wees aan die wet van die Here.

9. Dit was die groot vernadering wat Luther gestel het binne die 95 stellings. Hy het die Rooms Katolieke Kerk se boetedoening weer terug verander na bekering as 'n lewenswyse met Christus. Bekering is die nuwe lewe waar jy binne die liefde van God berou het oor die sonde wat jy doen en Hy betaal het. Bekering is die vreugde om binne God se liefde jou weer met vreugde aan sy wet te wy omdat Hy die oordeel van die wet in jou plek vir jou dra.

Met hierdie verskuiwing van die valse betekenis van bekering as 'n kerklike bedryf na 'n lewenswyse binne die geloof met Christus, kon Luther hierdie alse bekering nou volgens die Woord van God se betekenis van bekering aanspreek en uitwys as vals.

In stelling 21 sê hy: die kerklike bedryf van boetedoening kan nie die straf van sonde wegvat nie.

Geen kerklike bedryf kan sondestraf tussen God en mense wegvat nie. Die Here self vergewe sonde en hierdie daad van die Here abdikeer hy nie aan die kerk nie. Geen kerklike praktyk kan iets wat die here doen bewerk nie.

In stelling 26 sê hy dat jy nie vergifnis ontvang wanneer 'n kerklike amptenaar 'n magsspreuk uitspreek nie, al wat die kerk se priester kan doen is om God te bid om sonde te vergewe.

Vergifnis is en bly altyd 'n daad van God. Daarom kan kerklike ampsdraers niks anders doen as wat lidmate self elke dag teenoor die Here doen nie: om te bid om vergifnis tot die Here.

In stelling 30 sê hy dat die gelowige se berou oor is nie iets waaroor 'n gelowige ooit seker kan wees dat dit opreg en reg genoeg is nie. Daarom kan 'n mens nooit seker wees dat God jou vergewe omdat jou berou opreg is nie. Hy vul hierdie uitspraak aan met stelling 62 waarin hy sê dat die ware skat van die kerk waardeur mense vergifnis ontvang is die evangelie van God se genade.

Hiermee wys Luther wat die Here self openbaar in Matteus 16. Die kruis wat die dra om vir ons sondes veroordeel en word en vir ons sondes aan die kruis te sterf, is die

Christus het bekering 'n lewenswyse in die liefde van God gemaak.

evangelie van God se genade. Dit is deur hierdie evangelie dat God mense vergewe. Mense kan nie vergeef word omdat hulle berou het oor sonde nie. Want hulle berou kan nooit se eg, goed en reg wees dat dit hulle sekerheid kan gee dat dit goed genoeg is om vergifnis daardeur te ontvang nie.

Die kruis waardeur ons vergifnis ontvang en ons dra die kruis om elke dag ons hele lewe lank binne God se liefde berou oor sonde te hê as 'n lewenswyse met die Here, nie as 'n manier om vergifnis te ontvang nie.

10. Dit was die grootste saak wat binne die kerk verkeerd was waarvan Luther self weggedraai het en die kerk opgeroep het om van weg te draai – die kerklike magspreuke waarmee die kerk God se sake wou bedryf namens God.

Dit was die grootste herstel van die kerk waartoe Luther opgeroep het: die terug keer na die evangelie waar Jesus die kruis dra waardeur al ons sondes betaal word.

Die evangelie is die skat van die kerk, nie die bedryf van boetedoening nie.

So bekeer gelowiges! Hulle draai in die geloof na Christus se kruis en uit hierdie geloof in Christus se kruis dra hulle hul eie kruis: om elke dag hulle hele lewe lank oor sonde berou te hê en met vreugde gehoorsaam te wees aan die wet van God.

Hulle draai na die evangelie, na Jesus wat as Here met sy kruis hulle sonde oordeel en straf dra sodat hulle nooit eenkeer in hulle lewe ooit so kruis sal dra: die straf en oordeel van God oor eie sondes nie.

Hulle hele lewe lank is vry van sonde straf en oordeel omdat Jesus Christus alleen hierdie kruis vir hulle volkome en genoegsaam gedra het.

Hulle keer hulle in die geloof in en uit vreugde weg van ongehoorsaamheid na gehoorsaamheid aan die wet van God. Hulle het binne die sekerheid van God se liefde en genade vir hulle oor elke sonde elke dag hulle hele lewe lank berou. Nooit word enige sonde hulle trots nie.

Christus die Here self vergeef ons en laat ons só met hom elke dag bekeerd leef deur die evangelie! Die Here vergeef nie sy kinders deur priesters, pastore, predikante en geestelikes nie. Christus leef self as Here met sy kinders en self deel Hy alles wat Hy as God vir hulle wil self aan hulle mee. Hy gebruik nie tussengangers om namens Hom sy werk op aarde te doen nie.

Die Here gebruik nie dagsorgmoeders om sy kinders te versorg nie. Hy versorg hulle self. In sy sesde stelling wys Luther enige dagsorg van God se kinders deur dagsorgmoeders in sy plek af: “6. Die pous kan sondeskuld op geen ander manier vergewe nie as om net te verkondig en te bevestig dat dit deur God vergewe is nie.

Christus het bekering 'n lewenswyse in die liefde van God gemaak.

Die pous kan tog sekerlik net vergewe in die sake waarin hý die reg voorbehou. Minag 'n mens hom hierin, dan bly die (*hierdie tipe*) skuld verseker voortbestaan.”

Niemand kan namens God vergeef of enige iets anders doen wat Gd self doen nie. Ons verkondig net wat God doen. Ons is nie besig om God se vergifnis of enige ander daad van God namens God te bedryf nie.

God is nie die tipe God soos afgode wat niks self doen nie, maar in alles deur mense verteenwoordig te word nie. Dit is hoe 'n afgod is. Hy kan niks self sê, sien, voel, doen of bewerk nie. Hy kan net leef deur mense wat namens hom optree en wat voorgee dat wat hulle as mense doen is God wat deur hulle doen wat Hy moet doen. In afgodsdien hou mense hulle god aan die gang! In afgodsdien is priesters, pastore, predikante en geestelikes God se dagsorgmoeders. Hulle verteenwoordig God en bedryf God se liefde en teenwoordigheid omdat Hy nie self teenwoordig is en Hy self doen wat net Hy as God doen nie.

11. Wanneer die kerk 'n instelling word wat God op aarde aan die gang moet hou, is die kerk besig met 'n “godsbedryf”.

Deur magspreuke wat niks anders is as towerformules nie, deur simboliese optredes wat niks anders is as magsdemonstrasies nie, bewerk hulle wat God doen op aarde.

Waar Christus die Here self met sy lidmate met Hom as Here laat leef, dra Hy hulle kruis en dra hulle hul kruis elke dag. Waar Hy as Here met sy kerk leef is bekering dit wat tussen die Here en sy lidmate gebeur, is bekering nie iets tussen mense en kerklike geestelikes nie.

Waar Christus die Here met sy lidmate leef is die kerk net 'n getuie van die evangelie. Is die kerk net die aankondiger van God se genade, nooit die aandrywer van God se persoon of werke nie.

Dit is die teenstrydigheid van almal wat deesdae hul self as deel van die Protestantse Kerk wil voorhou. Almal wat sê hulle is Protestants, is deel van die geloof en bekering wat Luther as 'n getuie van die Here verkondig het, het nuwe godsbedrywe aan die gang gesit.

12. Met magspreuke en seremoniële godsdien, magsdemonstrasies, is hulle vandag besig om God aan die gang te hou in hierdie wêreld.

Dit is die teenstrydigheid van kerke vandag!

Met die magsspreuk “word genees in die Naam van Jesus”, is daar nou 'n hele genesingsbedryf wat namens God op die aarde aan die gang gehou word, en hulle almal glo hulle is deel van die Reformasie wat Luther begin het deur 'n einde aan die Rooms Katolieke godsbedryf te gemaak het.

Christus het bekering 'n lewenswyse in die liefde van God gemaak.

Dit is die teenstrydigheid van kerke vandag!

Met die magspreuk “Duiwel gaan uit in die Naam van Jesus”, word daar nou 'n hele demonbestrydigsbedryf namens God op die aarde aan die gang gehou en almal wat met hierdie godsdedryf besig is hou hulle voor as Protestante. Deel van die kerk wat die godsbedryf verwerp het vir 'n lewe met God self.

Dit is die teenstrydigheid van kerke vandag!

Met die magspreuke “God kom in my lewe in”, God kom sit op die troon van hart”, “God word die middelpunt van my lewe”, keer mense God uit sy Godheid uit om god binne in mense te word sodat hulle God se lewe, God se beheer en God se bestuur op aarde deur hulle lewe aan die gang hou. So het God en sy lewe 'n kerklike bedryf in geestelikes se lewe geword. En elkeen wat God so inkeer, uitleef en aan die gang hou deur sy lewe, glo hy is deel van die geloofsaak wat Luther aan die orde gestel het.

Dit is die teenstrydigheid van die kerke vandag!

Met die magspreuk “Ek gee algeheel oor, God neem algeheel oor!”, glo mense hulle word met God se goddelike krag vervul en leef God sy goddelike krag nou op aarde deur hulle persoon en lewe tussen ander mense uit. Mense wat met magspreuke God se krag as God op aarde aan die gang hou. Met hierdie bemagtigingsbedryf waarin God deur mense as God op aarde bemagtig word, glo elke godsvervulde dat Luther het ook soos hy tot bekering gekom.

13. Boetedoening is die nuwe geestelike bekering van die kerke vandag!

Jy kan net tot bekering kom en jou berou oor sonde en vreugde in God se wet kan net 'n ware persoonlike egte bekering wees wanneer jy dit in 'n privaatgesprek met 'n geestelike gedoen het en dan na die tyd verklaar dat God het in jou lewe ingekom! Dit het al 'n formele naam gekry: die sondaarsgebed!

Jy moet by iemand wat al tot so bekering gekom het en met God se goddelikheid vervul is hierdie gebed bid:

“Jesus ek erken dat ek 'n verlore sondaar is onder u oordeel.

Jesus ek het opreg berou dat ek sonde gedoen het.

Jesus ek gee my lewe en hart vir U.

Jesus kom in my lewe in.

Jesus neem die beheer van my lewe oor en laat my niks wees nie.”

Eers as jy by so geesvervulde mens hierdie gebed bid, of dit nou 'n geesvervulde onderwyser, ouer, vriend, dominee of kollega is, kan jy verseker wees dat jy tot bekering gekom het. Want hierdie tipe bekering is niks anders as die Rooms

Christus het bekering 'n lewenswyse in die liefde van God gemaak.

Katolieke boetedoening nie. Hier het bekering weer 'n godsbedryf deur geestelikes geword.

Daarom moet jy ook kan vertel dat jy jou sondes vir mense gaan vertel het: vir die geestelike oom, tannie, onderwyser, jeugwerker of vriend in 'n heimlike gesprek oor al jou diepste skandes. Deesdae moet jy dit nou sommer vir al die mense in die selgroepie of sommer voor 'n sake van mense vertel want jou bekering is nou deel van die geestelikes se godsbedryf.

Die ontdekking van Luther in die woord van God, bekering is nie iets binne 'n kerklike godsbedryf nie, dit is deel van my lewe met die Here wat my lief het, het in hierdie moderne Christelikheid verlore geraak. Maar ironies, hulle almal glo Luther het soos hulle tot bekering gekom – deur boetedoening!

14. Die omvang van hierdie godsbedryf in die moderne Christelikheid deursuur elke deel van ons kerk en gemeenskap!

Kerke het begin om God en sy werk aan die gang te hou met herlewings waarin God in hulle herleef moet word, met vernuwings waarin God binne in hulle nuut geword het en met godservarings waarin mense glo hulle god nou vir ander mense prakties en aktueel maak.

Alles wat God in homself is en as god self as god bewerk, het nou 'n besigheid geword. 'n Godsbedryf wat deur mense op aarde aan die gang gehou word. dit is hierdie godsbedryf wat hulle self bemark as die gemeentebouers van God!

Kerklike praktyke wat God aan die gang hou op aarde!

God se genesings word deur spesiale begaafdes op aarde bedryf!

God se bevryding van die Bose word deur spesiale begaafdes met duiwel-uitdriwingspraktyke op aarde aan die gang gehou!

God se wonderwerke word deur spesiale geestelikes in spesiale “supernatural” dienste aangedryf.

God se krag en lewe word deur godsvervulde mense op aarde uitgeleef en aangedryf.

God se liefde word deur godsvervulde geestelikes verteenwoordig wat dit na ander mense “uitstraal.”

God se versoening word aan aangedryf en aan die gang gehou deur spesiale geestelikes wat met seremoniële optogte God demonstreer en mense net van hulle rassisme vryspreek as hulle hierde sondes voor skares en paviljoene bely het.

Die godsbedryf van God self op aarde! Jy kan net vergifnis, genade, versoening, liefde en krag ontvang binne hierdie kerklike bedryf van geestelikes.

Christus het bekering 'n lewenswyse in die liefde van God gemaak.

15. Dit is die vryheid van die kerk wat Luther weer gevind het in die geloof in die Here waarmee hy sy 95 stellinge kon vind en formuleer:

Bekering is deel van my lewe as gelowige in die liefde van en met die Here elke dag. In hierdie bekering is daar geen plek vir 'n derde persoon nie: net Hy dra die kruis van my sonde en net ek dra my eie kruis: berou oor sonde en vreugde in die wet van die Here my hele lewe lank!

Ek is nie bedoel om deel van 'n menslike godsbedryf te wees wat God self hier op aarde aan die gang wil hou nie. Ek is deel van die kerk wat getuig oor die kruis van die Here en my oproep om my eie kruis self te dra!

Kom ons maak ons los van die kerklike godsbedryf waarmee die moderne Christelikheid besig is om God self te probeer verteenwoordig en aan te dryf.

Kom ons leef met die Here en verwerp mense instellings en bedrywe wat van God se liefde en genade van ons 'n besigheid wil maak.

## **BYLAAG**

Die 95 stellings van Luther soos vertaal deur ds. Petrus Kriel.

DIE 95 STELLINGS 31 OKTOBER 1517 WITTENBERG DUITSLAND.<sup>1</sup>

Uit liefde vir die waarheid en met die begeerte om die waarheid openbaar aan die orde te stel, sal daar in Wittenberg oor die volgende stellings gedebatteer word onder die voorsitterskap van die eerwaarde monnik Martinus Luther, met 'n magistergraad in Vrye kunste (*geestes wetenskap*) sowel as in die heilige teologie, tans volle professor te Wittenberg. Daarom versoek hy die mense wat nie teenwoordig kan wees en mondelings met ons kan debatteer nie, om dit in hulle afwesigheid skriftelik te doen.

In die Naam van ons Here Jesus Christus.

1. Omdat ons Here en Meester Jesus Christus sê: “Doen boete” (*Bekeer julle*) (Matt. 4:17) wou Hy gehad het dat die hele lewe van gelowiges 'n lewe van boetedoening (*bekering*) moet wees.

2. Hierdie woord (*bekering*)\* kan nie in die betekenis van die sakramentele boetedoening verstaan word nie. (Dit is in die sin van biez en vergoeding wat deur die amp van die priester uitgevoer word nie.)

---

<sup>1</sup> “Äusgewählte Schriften” van Karin Bornkamm en Gerhard Ebeling, bl. 26-37.

Christus het bekering 'n lewenswyse in die liefde van God gemaak.

3. Nogtans beteken dit, (*bekering volgens Matt. 4:17*) nie slegs 'n innerlike bekering nie; Eintlik is die innerlike bekering niks werd nie as dit nie uiterlik op baie wyses die afsterwing van die vlees bewerk nie.

4. Dus bly die straf daar, net so lank as wat die vyandskap teen jou self bly (Dit is die ware innerlike bekering) Dit beteken dit bly tot met die binnegaan in die hemelryk in.

5. Die pous kan en wil geen ander soort straf kwytskeld as die soort straf wat hy volgens sy eie besluit of volgens die kerkreg opgelê het nie.

6. Die pous kan sondeskuld op geen ander manier vergewe nie as om net te verkondig en te bevestig dat dit deur God vergewe is nie. Die pous kan tog sekerlik net vergewe in die sake waarin hy die reg voorbehou. Minag 'n mens hom hierin, dan bly die (*hierdie tipe*) skuld verseker voortbestaan.

7. Eintlik vergewe God nie een se skuld wat hom nie terselfde tyd aan die priester as God se verteenwoordiger geheel en al deemoedig onderwerp nie.

8. Die kerkregtelike boetebepalings is net van toepassing op mense wat lewe. Mense wat gesterf het, mag nie aan kerkregtelike bepalinge onderwerp word nie.

9. Die Heilige Gees bewys deur die pous sy goedheid vir ons daarin dat wanneer die pous dekrete uitvaardig, hy elke keer die dood en uiterste noodsaak uitsluit (*uit sy regsbevoegdheid uit*)

10. 'n Priester wat vir mense wat gesterf het nog steeds kerkregtelike boetestraf laat voortbestaan tot binne in die vagevuur, tree onkundig en sleg op.

11. Die onkruid – dit is die verandering van kerkregtelike boetedoening in boetestraf tot binne in die vagevuur – is heel duidelik gesaai gewees omdat die biskoppe aan die slaap was. (Matt. 13:25)

12. Vroeër was die kerkregtelike boetedoening nie ná nie, maar vóór die opheffing van sondeskuld opgelê, dit is om die opregtheid van die berou te toets.

13. Deur die dood word 'n mens wat sterf van alles vry; ook vir die kerkregtelike bepalinge is 'n mens klaar dood en regtens is 'n mens van hierdie bepalinge onthef.

14. Die onvolmaakte goedheid of liefde van 'n sterwende mens, maak 'n mens bang en inderdaad is ons meer bang hoe minderwaardiger die goedheid of liefde was.

15. Hierdie vrees en ontsteltenis is alleen genoeg (sonder om van ander dinge nog te praat) om die smart van die vagevuur op te roep want dit is baie naby aan die verskrikking van wanhoop.

Christus het bekering 'n lewenswyse in die liefde van God gemaak.

16. Dit lyk asof 'n mens die hel, die vagevuur en die hemel van mekaar kan onderskei net soos wat 'n mens wanhoop, naderende wanhoop en sekerheid van mekaar kan onderskei.

17. Daarom lyk dit noodwendig dat vir die siele in die vagevuur op dieselfde wyse hulle ontsteltenis minder word en hulle liefde groei.

18. Daarom lyk dit ook nie bewysbaar óf deur ons verstand óf deur bewyse uit die Skrif nie, dat hierdie siele hulle buite 'n posisie bevind om verdienste te kan verwerf of nie in die liefde te kan groei nie.

19. Dit lyk ook nie of dit bewys kan word, of ten minste is dit nie vir almal bewese nie, dat hierdie siele van hulle saligheid gewis en seker is, net omdat ons daarvan ten volle seker is.

20. Met die “volkome kwytskelding van alle strawwe” bedoel die pous nie eenvoudig alle strawwe nie, maar hy bedoel net die strawwe wat hy self opgelê het.

21. Daarom fouteer alle aflaatpredikers wat sê dat deur die aflaat van die pous word die mens vry van alle straf en word 'n mens salig. (*gered*)

22. Dit is veel eerder so dat die pous nie 'n enkele straf waarvolgens die siele tydens hulle lewe boete moes oor gedoen het volgens kerkordelike bepalings, in die vagevuur kan kwytskeld nie.

23. As aan enige iemand die kwytskelding van alle straf toegestaan kan word, dan kan dit net aan die volmaakste mense toegestaan word en dit is dan net aan 'n baie klein klompie mense.

24. Die onvermydelike gevolgtrekking hieruit is dat die grootse deel van die volk bedrieg word deur hierdie vertonerige belofte van algehele kwytskelding van straf vir almal.

25. Dieselfde gesag wat die pous oor die algemeen oor die vagevuur het, het elke biskop en elke sieleversorger (*geestelike werker*) in sy eie gebied of in besonder binne sy eie gemeente.

26. Die pous tree regtig reg op wanneer hy die siele (*in die vagevuur*) vergifnis laat toekom, nie op grond van die sleutelmag nie (die sleutelmag kom nie vir die pous hiervoor toe nie) maar net by wyse van voorbidding.

27. Mense wat sê: “Wanneer die muntstuk in die geldtrommel klingel vlieg die siele dadelik uit die vagevuur uit” preek leerstellings van mense.

Christus het bekering 'n lewenswyse in die liefde van God gemaak.

28. Wat wel seker is, is dat wanneer die muntstuk in die geldtrommel klingel winsgierigheid en hebsug kan toeneem; die voorbidding van die kerk hang egter slegs van beskikking van God af.

29. Wie weet hoegenaamd of alle siele uit die vagevuur losgekoop wíl word? Met die heilige Severinus en Paskal (*volgens vertelling*) sou dit nie die geval gewees het nie.

30. Niemand kan van die opregtheid van sy berou seker wees nie, nog minder kan 'n mens seker wees dat jy volkome kwytskelding van sonde verkry het.

31. Net so min as wat daar iemand is wat 'n opregte bekeerde is, net so min is daar iemand wat op die regte manier aflate koop. Dit gebeur uiters selde.

32. Iemand wat glo dat sy saligheid verseker is (*gered is*) deur aflatebriewe, is saam met die een wat hom so geleer het, verdoem.

33. Vir diegene wat sê dat die aflate van die pous is die een enkele onskatbare gawe van God waardeur mense met God versoen word, moet 'n mens uiters versigtig voor wees.

34. Want die genade wat deur aflate verkry word, het slegs betrekking op die tipe strawwe wat gaan oor sakramentele genoegdoening en dit is net deur mense vasgestel.

35. Die persone wat leer dat berou hoegenaamd nie nodig is om siele (*uit die vagevuur*) los te koop of om vergifnis deur bieë te verkry nie, is besig met onchristelike prediking.

36. Elke Christen wat ware berou ervaar, het volkome kwytskelding van straf en skuld ook sonder dat hy 'n aflatebrief het.

37. Elke Christen, of hy nou leef of reeds dood is, het deel aan al die heilsgawes van Christus en die kerk; God waarborg 'n mens dit ook sonder dat hy aflatebriewe het.

38. Nogtans moet 'n mens die kwytskelding en vergoeding deur die pous geensins gering ag nie. Omdat dit (soos ek gesê het) die verkondiging van die goddelike vergewing (*vergewing deur God*) is.

39. Dit is uiters moeilik vir selfs die geleerdste teoloog om die ryke oorvloed van die aflate en die opregtheid van berou vir die volk gelyktydig aan te prys.

Christus het bekering 'n lewenswyse in die liefde van God gemaak.

40. Opregte berou soek en bemin (*omhels*) straf. Die oorvloed van die aflate daar teen oor skeld die straf kwyts en veroorsaak 'n teensinnigheid daarteen, of ten minste gee dit aanleiding daartoe.

41. Oor die apostoliese kwytskelding (*van die pous*) moet met versigtigheid gepreek word, sodat die volk nie verkeerdelik meen dit kry voorkeur bo ander werke – naamlik die goeie werke van die liefde nie.

42. 'n Mens moet Christene leer dat dit nie die oortuiging van die pous is dat die koop van aflaatbriewe in enige opsig met barmhartigheidswerk gelyk gestel kan word nie.

43. 'n Mens moet Christene leer dat dit beter is om aan armes iets te gee of aan behoeftiges iets te leen as om aflaatbriewe te koop.

44. Want deur 'n liefdesdaad groei liefde en word die mens beter; deur aflate daarteenoor word die mens nie beter nie, maar net vryer van straf.

45. 'n Mens moet Christene leer: wie 'n behoeftige sien en hom nie sy nood aantrek nie, maar in plaas daarvan aflate koop, verkry nie die kwytskelding van die pous nie, maar ontvang die toorn van God.

46. 'n Mens moet Christene leer: As hulle nie baie geld het nie, is hulle verplig om dit vir die noodsaaklike huishouding uit te hou en op geen manier mag hulle dit op aflate mors nie.

47. 'n Mens moet Christene leer: die koop van aflate is vrywillig, nie verpligtend nie.

48. 'n Mens moet Christene leer: die pous het dit baie meer nodig dat, en wens ook dat daar ernstig vir hom voorbidding gedoen sal word met die toestaan van aflate, as wat hy die gerief van inkomste nodig het.

49. 'n Mens moet Christene leer: die aflate van die pous is nuttig as jy nie jou vertrouwe daarin stel nie, maar dit is uiters skadelik as 'n mens as gevolg van aflate jou ontsag vir God verloor.

50. 'n Mens moet Christene leer: as die pous sou geweet het hoe die aflaatpredikers die geld invorder, sou hy lievers die Sint Pieterskerk tot as laat verval het, as om dit met die vel, vleis en bene van sy skape te gebou het.

51. 'n Mens moet die Christene leer: die pous sal, omdat dit sy plig is, bereidwillig wees om van sy rykdomme af te staan aan – en as dit nodig is selfs die Sint Pieterskerk te verkoop – diegene wat nou in groot getalle van hulle geld deur aflaatpredikers afgerokkel word.

Christus het bekering 'n lewenswyse in die liefde van God gemaak.

52. Die vertrouwe om deur aflaatbriewe salig (*gered*) te word, is tevergeefs, selfs al gee die aflaat kommissaris, ja, selfs die pous hulle siele as waarborg daarvoor.

53. Hulle wat reël dat die Woord van God in ander kerke (*in ander gemeentes*) heeltemal stil moet word (*glad nie gepreek mag word nie*) ter wille van die aflaatprediking (*in 'n ander gemeente*) is vyande van Christus en die pous.

54. Die Woord van God word beledig as in een en dieselfde preek vir die aflaat dieselfde of meer tyd ingeruim word as vir die Woord van God.

55. Dit is onvermydelik dat dit die pous se oortuiging moet wees dat as 'n mens die aflaat (wat die onbelangrikste is) met 'n klok, 'n optog en 'n erediens vier, 'n mens die Evangelie (wat die belangrikste is) met 'n honderd klokke, 'n honderd optogte en 'n honderd eredienste sal vier.

56. Die skat van die kerk waaruit die pous die aflaat uitdeel, is vir die volk van Christus nie bekend of nie presies voldoende duidelik of bekend nie.

57. Dit is heel duidelik nie aardse skatte nie, want dit deel predikers nie so vrygewig uit nie, maar hulle gaar dit eerder net op.

58. Dit kan ook nie die verdienste van Christus en die Heiliges wees nie, want dit bewerk sonder die pous altyd genade vir die innerlike mense soos wat dit kruisiging, dood en hel bewerk vir die uiterlike mense.

59. Die Heilige Laurentus dui die armes as die skat van die kerk aan, maar hy praat maar net volgens die taalgebruik van sy tyd.

60. Ons dui met volle oortuiging hierdie skat aan as die sleutelmag van die kerk (Hierdie skat is aan die kerk geskenk deur Christus se verdienste)

61. Dit is egter duidelik dat vir die kwytskelding van strawwe en met die gevalle waarin die pous die reg voorbehou, die vryspraak van die pous alleen genoegsaam is.

62. Die ware skat van die kerk is die hoogheilige Evangelie van die heerlijkheid en genade van God.

63. Hierdie skat is met goeie rede uiters gehaat, omdat dit van dit wat die eerste is die laaste maak. (Matt.20:16)

64. Die skat van die aflaat is daar teenoor met goeie rede uiters geliefd, omdat dit van dit wat die laaste is, die eerste maak.

Christus het bekering 'n lewenswyse in die liefde van God gemaak.

65. Daarvolgens is die skat van die Evangelie die net waarmee 'n mens voorheen kosbare mense mee gevang het.

66. Die skat van die aflaat daar in teen is die net waarmee 'n mens vandag die rykdomme van mense mee vang.

67. Die aflaat wat die predikers as die hoogste genade uit basuin, kan inderdaad as sulks aangesien word, in so ver as wat dit geldelike wins bevorder.

68. Tog is dit in der waarheid, gemeet aan die genade van God en die barmhartigheid van die kruis, die onbelangrikste.

69. Dit is verpligtend om die biskoppe, sieleversorgers (*geestelike werkers*) en die kommissarisse van die apostoliese aflaat alle eerbied te betoon.

70. Hulle is egter nog meer verplig om hulle oë gevestig en ore gespits te hou dat hulle nie hulle eie waanbeelde preek in plaas van die opdragte van die pous nie.

71. Wie teen die waarheid van die apostoliese aflaat (*die evangelie*) iets sê, is verdoem en vervloek.

72. Wie egter die willekeur en die onbeheerstheid van die toesprake van aflaatpredikers uitjou, is geseën.

73. Soos wat die pous tereg die banvloek slinger teen hulle wat allerlei kunsstreke tot nadeel van die aflaathandel uithaal,

74. net so wil hy nog veelmeer hulle met die banvloek tref wat onder die voorwendsel van die aflate die heilige liefde en waarheid benadeel.

75. Om te dink dat die pouslike aflaat so werk dat dit 'n mens ook sou kon kwytskeld wanneer 'n mens – om die onmoontlike te stel – die moeder van God verkrag het – is kranksinnigheid.

76. Ons stel daarteenoor: die pouslike aflaat kan nou eenmaal nie die geringste een van die toelaatbare sondes uitwis wat die skuld van sonde aan betref nie.

77. Dat 'n mens sê dat ook die heilige Petrus kon, as hy nou die pous sou wees, geen groter genade uitdeel (*as aflate*) nie, is lastering teen die heilige Petrus en die pous.

78. Ons stel daarteenoor: die huidige en elke ander pous het groter genade, naamlik die Evangelie, die charismatiese gawes, die gawe van genesing en so voorts, soos dit in 1 Korintiërs 12: 28 aangetoon word.

Christus het bekering 'n lewenswyse in die liefde van God gemaak.

79. Die bewering dat die aflaatkruis wat hoog opgestel is, versier met die pouslike embleem, besit dieselfde krag as die kruis van Christus, is godslasterlik.

80. Die biskoppe, sieleversorgers en teoloë wat sulke leringe vir die volk toelaat sal eendag rekenskap moet gee

81. Sulke roekelose aflaatprediking maak dit vir selfs geleerde mense nie maklik om die nodige eerbied vir die pous te verdedig of dan ten minste die pous teen die venynige vrae van die gewone lidmate te verdedig nie.

82. Hulle vra byvoorbeeld: Hoekom maak die pous nie die vagevuur uit heilige liefde en ter wille van die hoogste nood van die siele leeg nie? Dit is tog die mees gegronde rede! Dit terwyl hy tog ontelbaar baie siele ter wille van onheilige geld verlos wat vir die bou van die Sint Pieterskerk gegee word. Dit is as sodanig tog die mees ongegronde rede!

83. Verder: Waarom word Nagmaalsviering vir die dooies en die kerklike feesdae vir die afgestorwenes steeds onderhou, en waarom gee hy nie die spesifieke donasies daarvoor terug nie, dit wil sê, laat hy die teruggee toe nie, wanneer dit tog verkeerd is om vir siele wat uit die vagevuur verlos is nog verder te bid?

84. Verder: Wat se nuwe tipe barmhartigheid van God en die pous is dit wat goddeloses en mense wat God vyandig gesind is toelaat om vir geld 'n vroom siel vir wie God liefhet te verlos, maar wat hierdie vroom en geliefde siel nie omrede hulle eie nood uit vry geskenkte liefde verlos nie?

85. Verder: waarom word die kerkregtelik boetebepalings, wat saaklik en deur ongebruik lankal reeds ongeldig en dood is, nogtans deur die toestaan van aflate met geld afgelos, asof hierdie boetebepalings effektief nog geldig is?

86. Verder: Waarom bou die pous nie liewers, wat vandag ryker is as die rykste miljoenêr (Crassus), nie ten minste een deel van die Sint Pieterskerk met sy eie geld eerder as met die geld van arm gelowiges nie?

87. Verder: wat skeld die pous diegene vry of waaraan gee hy hulle aandeel aan wat deur volkome berou aanspraak het op volle vergifnis en volle vergoeding (*deur God het*)?

88. Verder: Sou dit nie die beste vir die kerk gewees het nie as die pous, soos hy dit eens op 'n tyd gedoen het, 'n honderd keer op 'n dag elke gelowige kwytskelding en vergoeding waarborg nie?

Christus het bekering 'n lewenswyse in die liefde van God gemaak.

89. As dit tog vir die pous met Aflate meer om die heil van die siele gaan as om geld, waarom verklaar hy vroeëre briewe en aflate ongeldig al hoewel hulle tog net so effektief was?

90. Om hierdie uiters pynlike besware van die gewone lidmate net met geweld te onderdruk, maar nie met gegronde inligting uit die weg te ruim nie, beteken, die kerk en die pous word aan die bespotting van die vyande uitgelewer en Christene word ongelukkig gemaak.

91. As die aflaat daarom in die gees en bedoeling van die pous gepreek word, sal hierdie besware maklik weerlê word, ja, hierdie besware sal glad nie eers gestel word nie.

92. Weg daarom met al die profete wat vir die volk van Christus se: “Vrede, vrede” en daar is geen vrede nie. (Jer. 6:14)

93. Salig is al die profete wat vir die volk van Christus sê: Kruis, kruis, ook as daar van die kruis niks te merk is nie.

94. 'n Mens moet die Christene vermaan dat hulle Christus hul hoof, deur lyding, dood en hel moet probeer navolg.

95. en om nog meer daarop te vertrou om eerder deur baie beproewinge in die hemel in te gaan as deur die sekerheid van 'n skynvrede.

Die aanhalings wat skuinsgedruk is, is ter verduideliking ingevoeg deur die vertaler: ds. PJ Kriel, Die aanhalings wat nie skuinsgedruk is nie, is Martin Luther se eie toeligting. Vertaal deur ds. PJ Kriel 6.01.2008.

'n Verduideliking van die betekenis van die 95 stelling deur Karin Bornkamm in die versameling *Äugewählte Schriften* wat heruitgegee is deur Karin Bornkamm en Gerhard Ebeling. <sup>2</sup>(bl.26,27)

“ Op die 31 ste Oktober 1517, aan die datum moet 'n mens vashou ten spyte van die nuwerwetse polemie, het Martin Luther 'n kennisgewing met 95 stelling aan die deur van die kasteelkerk van Wittenberg opgesit. Hy wou, soos dit toe die gebruik was, aan die kennisgewingbord van die universiteit (*die deur van die kasteelkerk*) 'n akademiese bespreking uitroep.

Niemand het opgedaag nie. Die stelling het egter vinnig bekend geword, dit is in Duits vertaal, herdruk en het in stormagtige haas die hele Duitsland deurkruis.

---

<sup>2</sup> AUS bl.26,27.

Christus het bekering 'n lewenswyse in die liefde van God gemaak.

Meteens was die onbekende monnik en professor in die afgeleë Wittenberg op almal se lippe.

Die Roomse kardinaleraad het, nadat hulle op Luther bedag gemaak is, met die aanvoorwerk van 'n kettervervolgingsproses teen Luther begin.

Die rede vir Luther se openbare stellinginname in die aflaatvraagstuk waarin hy self nog geen finale mening gestel het nie, was die verkoop van 'n nuwe tipe pouslike aflaat vir die bou van die Sint Pieterskerk in Rome in die gesamentlike gebied van Mainz en Maagdenburg van die aartsbiskop asook die gebied Brandenburg.

Die uitwerking van die verkoop van die aflate in hierdie gebiede het Luther mee te doen gekry tydens die biegeleenthede wat hy as priester waargeneem het. Die finale strooi was die instruksie wat die aartsbiskop en keurvors, Albrecht van Mainz, toegelaat het wat nog erger was as die amptelike kerklike aflaatleer.

Boetedoening het uit die Middeleeuse biegepraktik en lering oor die biege ontwikkel tot een van die sewe sakramente van die kerk.

Boetedoening behels die berou in die hart, die erkenning van sonde by 'n priester, wat deur die toesegging van vergifnis van sonde van sonde deur die priester gevolg is en opgevolg moes word deur die vergoeding vir sonde deur goeie werke.

Deur die toesegging van vergifnis deur die priester word die sondaar sy skuld vergewe asook van die ewige goddelike straf in die hel onthef. Deur die vergoeding moes die sondaar die tydelike strawwe van God of die kerk voor vergoed, eers in die aardse lewe maar die res wat nie voor genoegdoening voor bewerk was nie moes in die vagevuur voor vergoed word.

Aflaat was die moontlikheid om die vergoeding wat eers opgelê was as boetedoening deur ligter vergoedings te vervang, in die laat Middeleeue dan selfs deur betaling met geld. En dan ook nie meer net vir jouself nie maar ook vir afgestorwenes wat binne in die vagevuur was.

Met hierdie instelling het die kerk veral in Duitsland vir hulle 'n onuitputlike bron van inkomste geskep.

Luther se stelling spreek die misbruik van die aflaatstelsel aan maar die stelling is eintlik gemik op die kern van die boetedoening en aflaatleer self. Luther het nog met die opstel van hierdie stelling geglo dat hy die pous met die vernedering van die aflaatpraktik kon uithelp.

Met die stelling het Luther nog vasgehou aan die noodwendigheid van die Absolusie, die toesegging van vergifnis deur die priester, al was dit nou nie meer so

Christus het bekering 'n lewenswyse in die liefde van God gemaak.

seer as deur die bemiddeling van die priester nie, maar deur die verkondiging van vergifnis deur die priester.

Die geloof in die vagevuur het hy mettertyd bevraagteken.

Nogtans het hy alreeds deur die 95 stellinge die boetedoening uit die mag van die sakramentele en hiërargiese mag van die kerk bevry deur dit weer in die persoonlike verhouding van die enkeling met God toe te wys.”

Vertaal deur ds. PJ Kriel